Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellstraat, Valhalla, 0185 Posbus 21025, Valhalla, 0137

Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819

e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za webwerf www.swartkop.co.za

12 Februarie 2021

Geagte ouers,

Soos u weet het hierdie jaar al reeds vele uitdagings opgelewer. Dit is vir ons baie hartseer dat die gr 6 kamp nie meer kan plaasvind nie. Ons wil egter voortgaan met aktiwiteite wat u kind kan help groei en ontwikkel in leiervaardighede. Ons vra vir u as ouers om nie hierdie tyd wat voorlê vir die kinders spanningsvol te maak nie. Die idee is om al die leerlinge bloot te stel aan ontwikkeling van hul eie persoonlikhede en dit moet spontaan geskied.

Ons gaan dus deur die jaar sessies aanbied wat deur buite-instrukteurs behartig gaan word. Dit is mense wat by ons gr 6-kampe betrokke was en ek het volle vertroue in dit wat hul aanbied.

Die sessies gaan die vorm aanneem van speelaktiwiteite, 12 Februarie 2021.

Ons is ook bewus daarvan dat ons onder streng reëls is wat die Covid-19 vlak 3 van ons verwag.

Die gr 6 leerlinge is ‘n groep van 120 kinders. Daar gaan 7 instrukteurs wees wat elk ‘n groep van tussen 15 na 20 kinders gaan hanteer. Alle apparaat gaan deurgaans gesaniteer word en alle reëls moet steeds nagekom word soos die screening wat ons doen, dra van maskers en sosiale distansiëring.

Indien u as ouer, enigsins met die situasie ongemaklik voel, is u onder geen verpligting om u kind te stuur nie. **LET WEL** dat u kind geensins benadeel gaan word indien hy/sy dit nie bywoon nie.

Ons oogmerk is om een keer ‘n kwartaal ‘n opleidingsessie aan te bied. Dit beteken dat daar elke kwartaal kostes aan verbonde gaan wees vir hierdie sessies. Ons wil dit werklik so minimaal as moontlik maak.

Die inligting vir die eerste sessie

Datums en tye:

Donderdag	25 Februarie 2021:	Vanaf 14:00 tot 19:30
Vrydag	26 Frebruarie 2021:	Vanaf 14:00 tot 19:30
Saterdag	27 Februarie 2021:	Vanaf 08:00 tot 13:00

Kostes beloop R200 en sluit ‘n middagete vir Donderdag -en Vrydagmiddag in.

Alle kursusmateriaal, saam met ‘n buff, is ingesluit.

Reëlings:

- Leerlinge trek na skool gewone klere aan wat kan vuil word. In die badkamers sal daar ook toesig wees sodat daar steeds sosiale distansiëring kan wees.
- Leerlinge moet te alle tye ‘n masker dra en sosiale afstand hou. (Praat asb met u kind hieroor)
- Wanneer leerlinge bymekaar kom sal dit op die pawiljoene wees sodat daar genoeg afstand tussen leerlinge is.
- Leerlinge word by hek 7 afgehaal.
- Julle mag ‘n ekstra eetdingetjie, water of koeldrank saamstuur.

Dit is en bly ‘n moeilike situasie vir almal. Ons wil regtig poog om dit so veilig moontlik te maak vir u kind en dat hulle tog iets ervaar van hul gr 6 jaar se aktitwiteite. Ons sien baie uit daarna om ons gr 6 leerlinge terug te verwelkom.

Ek herhaal net weer: U is onder geen verpligting om u kind te stuur nie en dat ons nooit dit teen u kind gaan hou of hom/haar benadeel nie.

Groete

Me Kendall | Mnr vd Merwe

Skeurbrief: Gr 6 Opleidingsessie

Hiermee ge ek, _____ouer van _____ in gr 6_____toestemming vir die opleidingsessie wat sal plaasvind vir gr 6 leerlinge vanaf Donderdag 25 Februarie tot Saterdag 27 Februarie.

Ek is ook deeglik daarvan bewus dat alle protokolle gevolg sal word en dat u onder geen verpligting is om u kind te stuur nie.

Enige Allergieë of mediese toestand waarvan ons bewus moet wees.

_____

_____

_____ _____

Ouer/Voog Handtekening | Kontaknommer